# *Nuwe Lied Bediening*

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
**Yeshua is die hart van die Vader!**

## **Parashah 26:** *Shemini* – Agste

*Dit het gebeur dat op die agtste dag Moshe vir Aharon, sy seuns en die oudstes van Yisra'el geroep het en vir Aharon gesê het: "Vat vir jouself 'n bulkalf as sondoffer en 'n ram as brandoffer, altwee sonder gebrek en offer hulle voor יהוה."* Lev. 9:1 en 2 – PWL[1]

**Torah: Lev. 9:1 tot 11:47.**

**Haftorah: 2 Sam. 6:1 tot 7:17.**

**Nuwe Verbond:** Mark. 7:1 tot 23; Mark 9:1 tot 13; Hand. 5:1 tot 11; 10:1 tot 35; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Gal. 2:11 tot 16; 1 Pet. 1:14 tot 16.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 26 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

*YHWH has called us to do two things. First, we are to never give up studying and seeking the correct interpretation of any given Bible passage. Second, such opportunities are golden moments for us to learn to show grace and love to others whose understanding of a given passage may differ from ours* – Anonymous.

*These days some teachers seem to be more concerned with being politically correct than with being Biblically accurate* – Anomymous.

*The beginning of wisdom is found in doubting; by doubting we come to the question, and by seeking we may come upon the truth* – P. Abelard.

*In Jewish culture it's just as important to know both sides of a Torah debate as it is to "know the answer"* – Nehemia Gordon.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

# Torah Bespreking

## Hersiening

Soos aan die begin van ons studie van *Vayikra* (Levitikus) genoem was, kan hierdie derde boek van Moshe opgesom word as יהוה wat Sy bruid roep tot 'n leefwyse van afgesonderde intimiteit (geestelike gemeenskap; *fellowship*) met Hom deur die offerandes en die feestye. Dit kan ook gesien word as die onderrig en instruksies in gehoorsaamheid tot afsondering. *Vayikra* is die handleiding vir hoe om in die tabernakel, naamlik in die Teenwoordigheid van יהוה, te leef.

Maar vandag weet ons dat die tabernakel, priesterorde en offerandes was alle 'n heenwysing (skaduwee) van Yeshua, Die Gesalfde Een.

As deelgenote van die nuwe verbond in Yeshua is ons ook deur יהוה geroep (*vayikra*) as 'n koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9) en is die Skrifte van die nuwe verbond ons "Levitikus", naamlik dit wat betrekking het op die priesters volgens die orde van Malki-Tzedek (Melgisédek). Ons is יהוה se tempel en die bruid van Yeshua wat nie meer fisiese offerandes bring nie, maar wat ons liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God (Rom. 12:1)

Die vorige Torahskriflesing, *Tzav*, het geëindig met die toewyding van Aharon en sy seuns – 'n seremonie wat sewe dae geduur het (Lev. 8:1 tot 36). Parashah *Tzav* word dan ook afgesluit met hierdie woorde:

> **35** Julle moet daarom by die ingang van die Tent van Ontmoeting bly, dag en nag, sewe dae lank; julle moet die opdragte van יהוה hou sodat julle nie sterf nie, want so is ek beveel."
> **36** So het Aharon en sy seuns alles gedoen wat יהוה deur die hand van Moshe beveel het.
> Lev. 8:35-36.

Elke priester moes die opdragte van יהוה hou (dit *sh'ma* en dit *sh'mar* – dit hoor, bewaar en ywerige doen) sodat hy nie sou sterf nie. Die Torah van יהוה is die waarheid en elke priester wat hierdie waarheid gehoor en gedoen het, sou nie sterf nie, want hulle het opgetree volgens die Gees van Waarheid. In hierdie week se Torah- en Haftorahskriflesing sal die belangrikheid van gehoorsaamheid aan יהוה se Torah duidelik uitgespel word!!

**Gees van Waarheid**

Aansluitend by bogenoemde lees ons in Joh. 14:15-17 wat Yeshua van die Gees van Waarheid gesê het:

> **15** As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit.
> **16** Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid.
> **17** Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie, maar julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle is.

Die Afgesonderde Gees is die Gees van Waarheid wat ons elkeen ontvang het. Yeshua het ook aan die Jode wat in Hom vertrou het, gesê:

**31** …."As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My
**32** en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak." Joh. 8:32

Maar hoewel ons elkeen die Gees van Waarheid ontvang het, verskil ons tog oor die waarheid! Hoekom? Die redes is ondermeer die volgende:

- Elkeen se geloofsoortuiging (teologiese siening) is volgens eie kennis van die Woord van God. En, baie belangrik, ons elkeen ken slegs 'n bietjie van baie (ken ten dele)(1Kor. 13:9-12). Maar ons moet onthou dat daar slegs een Waarheid is, en ons strewe moet na die volle waarheid wees!

- Almal het nie 'n leerbare gees nie. Dikwels openbaar gelowiges die volgende gesindheid: "I have made up my mind, don't confuse me with the facts"! Ons moet egter soos Dawid en die Beroiane altyd 'n leerbare gees hê:

  **4** Wys my U manier van doen, o יהוה; leer my U paaie.
  **5** Lei my in U waarheid en leer my, want U is my God en My Verlosser. Op U wag ek die hele dag. Ps.25:4 en 5;

  Hierdie Jode (van Beroia) was meer edel as dié in Thessalonike; hulle het elke dag die boodskap met gretigheid ontvang terwyl hulle uit die Skrifte onderskei het om te sien of hierdie dinge so was. Hand 17:11.

- Almal het nie dieselfde honger na kennis en na die waarheid nie. Talle gelowiges sal nie aanhou soek na die volle waarheid nie! Maar onthou: Slegs wanneer ons die waarheid ken, naamlik dit verstaan en dit toepas, sal die waarheid ons vrymaak. Die gevaar is nie in dit wat ons nie weet nie, maar in dit wat ons dink ons weet!

- Nie almal is bereid dat hulle kennis getoets word nie of dat hulle met die waarheid gekonfronteer word nie! Maar Paulus het vir Timotheos gesê:

  Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig. 2 Tim. 2:15.

  Ons moet ons daarop toespits om werkers in יהוה se Koninkryk te wees wat die waarheid ken, dit reg toepas en dit verkondig.

  Maar laat ons ook Paulus se woorde in vers 16 onthou, naamlik om leë en vrugtelose praatjies te vermy, want dit sal slegs tot diegene se boosheid toevoeg. Ons gesindheid moet wees: Ek eerbiedig jou reg om te dink dat ek verkeerd is! En ewe belangrik is: Glo jy omdat dit die waarheid is, of is dit die waarheid omdat jy dit glo?

**Bepeins of Bespreek**

1. Lees Joh. 17:3. Om iemand te ken, is om `n verhouding met daardie persoon te hê. Hoe meer intiem die verhouding is, hoe beter sal jy daardie persoon ken en verstaan. Indien jy slegs berigte hoor en lees aangaande `n persoon, sal jy nooit daardie persoon werklik ken nie. Alleenlik wanneer jy die persoon ontmoet het, en `n een tot een verhouding met daardie persoon oor `n tyd het, sal jy die persoon werklik kan ken. Sonder `n ontmoeting en `n persoonlike verhouding sal jy slegs van daardie persoon weet, maar jy sal nooit die werklike waarheid aangaande daardie persoon ken nie.

Die woord “ken” in Joh. 17:3 beteken nie slegs feitelike kennis nie, maar is kennis wat op grond van `n intieme verhouding bestaan. Dit is om te ken op grond van `n eenwording tussen twee persone; `n broederskap en kameraadskap deur een van gees te word. Die woord “ken” beteken in die oorspronklike vertaling, in beide Grieks en Hebreeus, ook om kennis te hê van, om te verstaan, waar te neem, te onderskei en insig te hê. Dit is om iemand te leer ken op `n baie intieme wyse. Is dit hoe jy God ken? Weet jy slegs van God of ken jy God werklik?

## Vreemde Vuur

Hierdie week se Torahskriflesing bevat ‘n ernstige waarskuwing in Levitikus 10 waarvan ons deeglik kennis moet neem, naamlik die dood van Nadav en Avihu. Dit dien as herinnering dat יהוה vereis dat ons Hom dien en aanbid volgens Sy onderrig en instruksies en nie volgens die mens se goeie bedoelings nie! יהוה vereis gehoorsaamheid!

> **1** Die seuns van Aharon, Nadav en Avihu, het elkeen sy vuurpan gevat, vuur daarin gegooi, reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer, wat Hy hulle nie beveel het nie.
> **2** Vuur het vanuit die Teenwoordigheid van יהוה uitgegaan en hulle verteer en hulle het gesterf voor die Teenwoordigheid van יהוה.
> **3** Moshe sê vir Aharon: “Dit is hierdie ding wat יהוה van gepraat het deur te sê: ‘Deur dié wat naby My kom, sal Ek geëer word as Afgesonderd en voor die die hele volk sal Ek verhoog en vereer word.’” Aharon het stilgebly.

Die feit dat die Skrifte melding maak van die dood van Nadav en Avihu, pas nadat hulle afgesonder (geheilig) was en met hulle dienswerk in die tabernakel begin het, behoort ons elkeen tot ‘n selfondersoekende stilstand te ruk!

Beide was opgelei en ingelig oor wat יהוה van hulle as priesters vereis het. Hulle het ‘n sewe dae wydingseremonie ondergaan en was deur יהוה as afgesonder verklaar en as gereed vir dienswerk in die Tabernakel. Nogtans het hulle strydig met die onderrig en instruksies van יהוה opgetree deur vreemde vuur voor die Teenwoordigheid van יהוה te offer. Nadav en Avihu het dus יהוה se onderrig en instruksies verontagsaam, of miskien gewysig in die oortuiging dat dit dieselfde eindresultaat, asook יהוה se goedkeuring sal hê! Hulle het in alle waarskynlikheid hulle dienswerk met goeie bedoelings uitgevoer! Is ons nie geneig om dieselfde te doen nie?

Was dit doelbewuste rebellie en doelbewuste sonde teen יהוה of het hulle met goeie bedoelings opgetree? Hulle was immers deur יהוה self afgesonder as priesters en uitverkies uit die res van Yisra’el. Beide het ook saam met Moses en die oudstes van Yisra’el op uitnodiging van יהוה op die berg Sinai geklim om in יהוה se Teenwoordigheid te wees (Ex. 24:1). Hulle het beslis die guns van יהוה ervaar!! Hulle het tog tot en met hulle sterwe geglo in die God van Abraham, Isak en Jakob! Hulle het nie יהוה verwerp nie!

Ons kan bespiegel oor presies wat die vreemde vuur was. Maar die feit is dat hulle יהוה se Torah, Sy onderrig en instruksies, oortree het! Nadav en Avihu het op ‘n wyse gehandel wat volgens hul eie standaard aanvaarbaar en goed gelyk het, maar hulle het egter nie aan יהוה se onpartydige opregtheid (geregtigheid) voldoen nie (Matt. 6:33).

Nadav en Avihu dien as waarskuwing dat die een wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie (1 Kor. 10:12). Dit is ‘n herinnering dat dit wat ons by wyse van ons alledaagse lewe aan יהוה offer volgens Sy voorskrifte moet wees. Sy wette, voorskrifte en insettinge kan nie **herskryf** word om by ons aan te pas nie. Vader-God het sy “huisreëls” opgestel en elkeen van Sy kinders moet dit ywerig gehoorsaam!

Ons moet nie vergeet nie dat יהוה-God ook ‘n verterende vuur is (Deut. 4:24; Heb. 12:29).

> “maar wie kan die dag van Sy koms verdra? Wie kan staande bly as Hy verskyn? Want Hy is soos die suiweraar se vuur en soos die seep van die wasser. Mal 3:2.

Laat ons alle “vreemde vure” blus met die waarheid van ‘n gehoorsame lewe volgens יהוה se Torah soos dit in Yeshua Die Gesalfde Een vervul is!! Laat ons יהוה, ons God en Vader, vereer en aanbid volgens Sy voorskrifte en nie op wyses wat vir ons aanvaarbaar is en goed bedoel word nie!! Goeie bedoelings is nie ‘n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie!!

Ons eie en goedbedoelde pogings is vreemde vuur! *There is only one way and that is יהוה’s way*!

**Bepeins of Bespreek**

1. Hoe dikwels probeer ons יהוה as ons God en Vader vereer en aanbid op mensgemaakte wyses! Ons probeer יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid volgens ons eie menslike pogings terugbring. Ons bedoelings mag opreg wees, maar as dit nie volgens יהוה se vereiste voorskrifte is nie, dan is dit vreemde vuur en kan dit geestelike dood tot gevolg hê!

   - Kersfees, *Easter*, en Sondagaanbidding is ondermeer vreemde vuur.

   - Is die siening van sommige dat Rabbynse Judaïsme ons as gelowiges in Yeshua se leermeester is, nie ook vreemde vuur nie?

   - Wat van diegene wat sekere Skrifte van die nuwe verbond bevraagteken en selfs verwerp? Is dit nie vreemde vuur nie?

2. In Lev. 8:24 lees ons dat die gevolg van die verskyning van יהוה se Gemanifisteerde Teenwoordigheid was dat die volk op hulle aangesigte geval het. In die verband skryf Mark Huey die volgende:

   *As an aside, it is interesting to note two things from this account. First, note the reality that witnessing supernatural actions “in person” can generate enough fear to buckle the stiffest of knees. Secondly, we must take note that the witnesses to the glory falling and the consuming fire fell on their faces. This incident, and others throughout the Scriptures (cf. Genesis 17:3; Numbers 16:4; Joshua 5:14; Daniel 8:17; Matthew 17:6), indicate how people generally responds to the presence of God. Back in the early to mid-1990s a phenomena was moving through charismatic circles, and was known by a variety of names such as the “Toronto blessing” or “holy laughter.” As people claimed to have been blessed by various speakers, etc., many were falling down under the purported “power of the Holy Spirit.” In many cases, as they were being prayed for, the typical response was to fall on one’s back as the forehead was being touched, rather than forward on the face, as is typical from the Scriptural examples.*

   *Things like this should make one pause and ask just what kind of a “spirit” was being served in those meetings. If more of the participants had been Torah observant and trained, there would probably have been an immediate recognition that these actions were not lining up with the established testimonies of the Scriptures. Thankfully today, as more and more Messianics become better acquainted with the basic principles of the Torah, deviations like these will be more obvious and the warnings to the curious will be*

*uttered with greater conviction and knowledge of the truth.* (*Shemini,* www.outreachYisra'el.net).

Is die manifistasies wat deesdae in kerke gesien word en as die " werking van die Gees" en as herlewing beskou word, nie eerder vreemde vuur nie?

## יהוה se Voedselvoorskrifte[2]

In Lev. 11:1 tot 47 lees ons van יהוה se voedselvoorskrifte, naamlik die diere op land en in die waters, asook die voëls wat יהוה as voedsel vir die mens beskou. Slegs dit wat as rein beskou word is geskik vir menslike voeding.

Die feit dat die dood van Nadav en Avihu die voedselvoorskrifte van יהוה voorafgaan, behoort elkeen tot ernstige nadenke te dwing. Talle Christene is egter onverskillige oor God se voedselvoorskrifte, tenspyte daarvan dat יהוה verklaar dat die mens wat onrein diere eet self onrein word (Lev. 11:44) en nie in Vader-God se Teenwoordigheid mag kom nie.

Wanneer daar van יהוה se voedselvoorskrifte gepraat word, is die reaksie by die meerderheid Christene dat dit nie van toepassing op hulle is nie. Die rede wat aangevoer word, is die siening dat hulle vry van die wet is, want hulle is onder die genade.

Diegene wat hierdie standpunt huldig behoort hulself egter die volgende te vra: Was hierdie wette slegs vir 'n geestelike doel deur God ingestel of was daar moontlike ander redes ook voor gewees? Hierdie vraag behoort gevra te word in die lig daarvan dat Vader-God die belange van Sy kinders altyd eerste stel. Is hierdie voedselvoorskrifte nie moontlik ook vir die algemene welsyn en gesondheid van die mens nie?

Dit wil voorkom asof voedsel, en dus wat die mens mag eet en nie mag eet nie, nog altyd 'n toets van gehoorsaamheid was en dus van die erns en toewyding van die mens se verhouding met sy Skepper-God. Reeds in Gen. 2:16-17 lees ons:

> **16** יהוה-God het die mens beveel en gesê: "Van al die bome van die tuin mag jy as kos eet,
> **17** maar van die 'Boom van die Kennis van Goedheid en Boosheid', daarvan mag jy nie eet nie, want op die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterf."

Voedselvoorskrifte van wat ons mag en nie mag eet nie het 'n neiging om ons rebelsheid aan die lig te bring. Van die begin af was die vraag: Vertrou ons יהוה as Skepper-God sodanig, en het ons Hom so lief, dat ons bereid is om Sy voorskrifte aan ons te glo en nougeset te volg? OF is ons eerder bereid om slawe te wees van ons eie begeertes en aptyte en kultuur? Ons eie voedselvoorkeure moet altyd ondergeskik wees aan dit wat Vader-God as geskikte voedsel vir die mens beskou.

Met bestudering van יהוה se voedselvoorskrifte is die volgende belangrik:

- In Gen. 2:9, 16 en 17, en soos reeds genoem, was die eerste opdrag in die Tuin van Eden ten opsigte van wat die mens mag en nie mag eet nie. Hierdie opdrag verwys na geestelike sowel as fisiese voedsel.

[2] Hersiening van notas van Parashah 26.1 van 2013/14.

- Volgens Gen. 7:2 het die onderskeid tussen rein en onrein diere reeds voor Sinai en dus voor die gee van die wet (Torah) bestaan.

- יהוה as Skepper van die mens sal weet wat goed (gesond) en wat sleg (ongesond) vir die mens is.

- יהוה se Torah (die wet) is Sy liefdevolle onderrig en is altyd in die belang van sy kinders (die mens).

- יהוה se voedselvoorskrifte het dus ook met Vader-God se natuurwette te doen, naamlik wat is gesonde en wat is ongesonde voedsel om te eet. Daar is genoegsame wetenskaplike bewys dat onrein diere gesondheidsgevare vir die mens inhou. Die hoofrede is dat alle onrein diere die natuur se 'afval verwyderaars' is – as te ware 'die stofsuiers' van die natuur! Die vleis van sulke diere bevat "gifstowwe" (swaar metale, parasiete, ens.) wat 'n gesondheidrisiko vir die mens inhou.

Die volgende is 'n kort opsomming van יהוה se voedselvoorskrifte ten opsigte van wat geëet mag word:

- Diere – Moet gesplete hoewe hê en hulle kos herkou.

- Vis – moet vinne en skubbe hê.

- Voëls – Geen spesifieke opdragte nie, behalwe dat hulle nie roofvoëls mag wees of oorskiet van ander diere eet nie.

- Ander lewende diere (insekte) – Hulle moet kan vlieg en spring soos die sprinkaan byvoorbeeld en nie op die grond kruip nie.

- Gen. 1:29 – Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.

- Lev. 3:17 en 7:22 tot 27 – Geen bloed of vet mag geëet word nie (Soos in Parashah 25 bespreek was).

**Die Nuwe Verbond**

Sekere Skrifgedeeltes uit die nuwe verbond word as sogenaamde bewys gebruik dat יהוה se voedselvoorskrifte opgehef is. Laat ons dit egter ondersoek of dit die waarheid is:

- **Handelinge 10:10-48: Shim'on (Petrus) se geesvervoering.**

  Die geesvervoering (visioen) wat Shim'on beleef het, het duidelik niks met wat geëet mag word te doen nie, maar met mense. Deur die Gees van יהוה is 'n geestelike waarheid aan Shim'on openbaar gemaak, naamlik dat geen mens onheilig (Grieks: *koinos*) of onrein (Grieks: *akathartos*) is nie. In Yeshua Die Gesalfde Een is daar dus geen onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie, maar almal is een – deel van een liggaam. Daarom het Shim'on dan ook die eerste nie-Jode gedoop (Hand. 10:45 tot 48).

  Die verdere bevestiging dat Shim'on die visioen reg verstaan het, is die feit dat hierdie nie-Jode ook, soos die Apostels op Pinksterdag, die gawe van die Afgesonderde Gees ontvang het en in tale gespreek het (Hand. 10:45 en 46).

Shim'on het hierdie verrukking van sinne sowat 8 tot 10 jaar na Yeshua se kruisiging, opstanding en hemelvaart gehad. In hierdie tydperk het Shim'on *nooit iets onheiligs of onreins geëet nie* (Hand. 10:14). Dit is dan ook bevestiging dat Shim'on, soos die ander Apostels, steeds aan יהוה se voedselvoorskrifte gehoorsaam was. Hulle was geensins van mening dat יהוה se voedselvoorskrifte deur die folterdood van Yeshua opgehef was nie. Ons lees ook nêrens dat Petrus sy eetgewoontes na hierdie visioen gewysig het nie.

❖ **Mark. 7:18 en 19 – Die mens word nie onrein deur dit wat by sy mond ingaan nie**

Markus hoofstuk 7 handel oor die oorlewering van mense (mondelingse wette) versus dit wat Torah verklaar. Yeshua het nie die Fariseërs se oorlewering as sulks verbied nie, maar bevestig dat dit te alle tye, en in alle omstandighede, onderhewig aan Torah (die geskrewe Woord) moet wees (Joh. 7:22 tot 24 as voorbeeld). Die voedselwette van יהוה word dus nie in hierdie hoofstuk bespreek nie, maar wel die feit dat die Fariseërs mensgemaakte wette bo die wet van יהוה stel. Yeshua verduidelik aan hulle dat reinheid nie soseer ritueel of fisies is nie, maar wel geestelik.

'n Bepaalde teksvers(e) moet altyd in konteks met die voorafgaande verse gelees word, asook in konteks van wat die Skrifte in geheel oor die bepaalde onderwerp sê. Wanneer die sewende hoofstuk in die Evangelie volgens Markus gelees word, is dit baie duidelik dat die bespreking oor die oorlewering (tradisies, voorskrifte en wette) van mense gaan. Dit word ondermeer deur verse 7-9 bevestig:

> **7** en verniet vereer hulle My deur leringe te leer wat opdragte van mense is,'
> **8** want julle verwerp die opdragte van God, maar behou die tradisies van mense: die seremoniële was van potte en bekers en baie ander dinge, dit doen julle."
> **9** Hy sê vir hulle: "Julle verwerp wel die opdragte van God om sodoende julle tradisies te bevestig,

Die voedselvoorskrifte van יהוה is nie gebooie van mense nie en so ook nie die verdeling van diere as rein en onrein nie. Dit is instruksies wat יהוה van die begin af vir die mens gegee het. Daar word nie na die eet van rein of onrein diere in hierdie hoofstuk (Mark 7:1 tot 23) verwys nie, maar die kwessie gaan oor Yeshua se dissipels wat deur die Fariseërs beskuldig word dat hulle eet sonder om hulle hande ritueel te was. Hierdie voorskrif kom egter nêrens in Torah voor nie en is sodoende ondergeskik aan Torah.

Die kernboodskap van Markus 7:1 tot 23 is die feit dat dit wat uit die mens se hart kom is dit wat die mens rein of onrein maak (vers 20 tot 23). Dit gaan dus oor die mens se hartsgesindheid. Dit gaan nie oor die wette van mense nie, maar wel oor die wette van יהוה, want Hy is ons Wetgewer (Jak. 4:12).

❖ **Kol. 2:16 tot 23 – Laat niemand julle oordeel in spys of drank.....**

In konteks gelees is die brief van Paulus aan die Kolossense ondermeer geskryf vanweë 'n dwaalleer wat ontstaan het dat redding op ander wyses as deur vertroue in Yeshua Die Gesalfde Een plaasvind. Daarom waarsku Paulus die Kolossense om versigtig te wees *dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en* ***nie*** *volgens Yeshua nie* (Kol. 2:8). Paulus praat hier van menslike wysheid, misleiding, oorlewering van mense en wêreldse beginsels. Torah is nie een van hierdie dinge nie. Nee, Torah is deur יהוה self aan die mens gegee en is dus hemels, geestelik en afgesonder. Yeshua is die

lewende Torah en in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik (Kol. 2:9 en 10).

Daarom beklemtoon Paulus dat redding alleenlik deur vertroue in die versoeningswerk van Yeshua is, want die skuldbrief (nie die wet nie!!) is aan die kruis vas gespyker (Kol. 2:13 en 14).

In die lig van bogenoemde kan Kol. 2:16-17 nou ook verklaar word:

> **16** Laat niemand julle daarom oordeel oor eet of oor drink of oor die uitsondering van ’n fees of ’n Nuwemaanfees (Rosh-Hodesh) of Shabbatte nie
> **17** omdat hierdie dinge skaduwees is van die dinge wat sou kom, naamlik die liggaam van Die Gesalfde Een.

Hoewel hierdie Skrif deur talle ondermeer ook gebruik word as sogenaamde bewys dat die voedselwette, die Shabbat en die feestye van יהוה opgehef is en dus as ‘bewys’ dat die wet, naamlik Torah, opgehef is, en die gelowige dus vry van die wet is, moet ons let op die wyse wat vers 16 begin naamlik: *Laat niemand julle **daarom oordeel***..... Dit is dus duidelik dat hierdie twee verse saam gelees moet word met die voorafgaande teksverse in Kolossense.

Indien die brief aan die Kolossense dus in konteks gelees word, is dit duidelik dat die gelowiges deur die valse leraars beskuldig word dat hulle nie die leerstellings en bevele volg soos deur hulle (die valse leraars) voorgeskryf word nie. Paulus sê dus aan die gelowiges om nie toe te laat dat mense hulle oordeel volgens hulle mensgemaakte tradisies en verordeninge nie. Dit is dus duidelik dat die Kolossense steeds die wet (Torah – shabbat, die feestye, voedselwette, ens. ) gehou het. Die valse leraars van Gnostisisme en ekstreme Judaïsme het hulle egter hieroor veroordeel. Paulus sê dus dat die ware gelowiges moet hou by die waarheid en nie by die valse leerstellings nie.

Verder herinner Paulus die Kolossense daaraan dat die Shabbat, die feestye van יהוה, ensovoorts ‘n skadubeeld (‘n afbeelding en heenwysing) is (nie was nie!!) van toekomstige dinge (Kol. 2:17). By implikasie sê hy dus dat hierdie dinge nie opgehef is nie, maar steeds as herinnering dien en gedenk moet word. Die feit dat Paulus sê dat dit *‘n skadubeeld **is*** van toekomstige dinge bevestig dat dit vir nou en die toekoms steeds geldig is.

In die brief aan die Kolossense word daar dus geensins na die voedselvoorskrifte van יהוה, of die opheffing van die wet, verwys nie. Nee, Kol. 2:20 verwys na wêreldse insettinge (wette, voorskrifte). Torah is nie wêrelds nie, maar afgesonder, want dit bevat die wese van die Almagtige God. Dit is die wysheid van יהוה en nie eiesinnige godsdiens of sogenaamde nederigheid nie. Die bedoeling van Torah is ook nie gestrengheid (selfkastyding) van die liggaam nie, maar voorskrifte vir ‘n voorspoedige en geseënde lewe. Torah is nie nutteloos nie en die bedoeling daarvan is nie versadiging (bevrediging) van die vlees nie.

Daarom is יהוה se voedselvoorskrifte steeds van toepassing, want dit is gegee vir die welsyn van die gelowige onder die ou- en die hernieude verbond!

**Bepeins of Bespreek**

1. Slegs rein diere was geskik vir offerhandes in die tabernakel en tempel. Die offer van enige onrein dier sou ‘n gruwel vir יהוה gewees het! Al ooit hieroor nagedink? Jou

liggaam is die tempel van die Afgesonderde Gees en daarom is die voeding van jou liggaam met onrein vleis ook ‘n gruwel vir יהוה!

2. Sal Yeshua Die Gesalfde Een by Sy wederkoms onrein diere eet? Sal enige mens dit waag om wat onrein is aan Yeshua as maaltyd te bedien?

3. Almal sal saamstem dat יהוה se wette oor moord, diefstal, egbreek, ensovoorts nie verander het nie, hoekom sal Sy voedselvoorskrifte dan verander het? Of jy יהוה se voedselvoorskrifte eerbiedig of nie, sal afhang van wat jy glo, naamlik vry van die wet of vry (vrygespreek) onder die wet. Verwys Matt. 5:17.

4. Mag ons sekere bestanddele wat uit onrein diere ekstraeer word en in die voedsel-, kosmetiese- en farmaseutiese bedryf aangewend word, eet of drink of ons liggame daarmee behandel?

5. Wat van plantspesies wat geen sade bevat nie, byvoorbeeld pitlose (saadlose) druiwe? Mag ons fungi (swamme) soos sampioene eet? Volgens sommige mag ons nie, en tog is die spore van sampioene die ‘saad’, want dit bevat al die genetiese inligting vir voortplanting

6. Wat van genetiese gemodifiseerde rein diere, sowel as geneties gemodifiseerde saaddraende vrugte en groente? Is dit volgens Torah geskik as voedsel vir die mens?

[‘n Meer volledige Skriftestudie oor יהוה se voedselvoorskrifte kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?cat=13]

## Haftorah Bespreking

### 2 Sam. 6:1 tot 7:17 – Goeie Bedoelings en Gehoorsaamheid

Hierdie week se Torah- en Haftorah Skriflesing leer ons ‘n baie belangrike les, naamlik, en soos reeds bespreek is, is daar slegs een manier om יהוה te dien en te aanbid en dit is יהוה se manier!! Die mens se beste bedoelde en opregte pogings is nie goed genoeg nie!! Die sterwe van Nadav en Avihu wat vreemde vuur gebring het, asook Dawid se aanvanklike poging om die verbondsark terug te bring, is bevestiging hiervan.

Kom ons volg die geskiedenis van hoe Dawid die ark na Jerusalem teruggebring het. Hierdie is een van daardie gebeure in Yisra’el se geskiedenis wat as voorbeeld opgeskryf is sodat dit as waarskuwing kan dien aan ons op wie die einde van die tye gekom het (1 Kor. 10:11).

Die verbondsark met sy versoendeksel was die “bron” (plek) van יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid (Hebreeus: *kavod*). Dawid het met ‘n opregte hart verlang om die verbondsark weer na Jerusalem terug te bring sodat dit weer die regmatige plek in die samelewing kan inneem. Dawid wou dus die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה terugbring tot in die midde van Yisra’el – daar waar dit voorheen was.

Dawid het geweet dat indien die verbondark weer terug in Yisra’el se midde was, dan sal יהוה se Teenwoordigheid en Sy seëninge ook deel van Yisra’el se alledaagse lewe wees.

Die geskiedenis van Yisra’el leer ons wat gebeur as die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה weggeneem word. Telkens wanneer Yisra’el Torah ongehoorsaam was, het die vyand die oorhand gekry. So byvoorbeeld lees ons in die eerste boek van Samuel hoe יהוה die huis van Eli oordeel weens hulle ongeregtighede en deur die Filistyne verslaan word (1 Sam. 3:14; 1 Sam. 4:2). Eli se twee seuns, Hofni en Pin’gas, het ook in die veldslag gesterf. Die

Filistyne het die verbondsark as oorlogsbuit uit Silo geneem (1 Sam. 4:3) en dit na Asdod geneem en dit in die huis (tempel) van Dagon langs Dagon gesit (1 Sam. 5:1 en 2).

So groot was hierdie skok vir Eli dat hy agteroor van sy stoel afgeval en sy nek gebreek het (1 Sam. 4:21). Pin'gas se vrou het van skok vroegtydig gekraam en die kind I-Khavod genoem, want het sy gesê: "Die eer en lof is weg uit Yisra'el uit omdat die ark van God gevat is." (1 Sam. 4:22). Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het uit die midde van Yisra'el verdwyn!

Na sewe maande het die Filistyne die verbondsark teruggestuur, want hulle was met groot teenspoed getref. Dit leer ons dat יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid slegs vir Sy volk bestem is. Die ark was geplaas in die huis van Avinadav by Kiryat-Ye'arim en hulle het sy seun Elazar afgesonder om die verbondsark te bewaak (1 Sam. 7:1).

Na twintig jaar, en in die tyd waar die hele Yisra'el agter יהוה aan geweeklaag het, het S'mu'el met die hele huis van Yisra'el gespreek en gesê:

> **3** "As julle met jul hele verstand, wil en emosie terugdraai na יהוה, die vreemde gode en die `Ashtarot tussen julle uit verwyder en julle verstand, wil en emosie op יהוה rig en Hom alleen dien, sal Hy julle bevry uit die hand van die F'lishtyne."
> **4** Die seuns van Yisra'el het die Ba'als en die `Ashtarot verwyder en יהוה alleen gedien. 1 Sam. 7:3 en 4).

Toe Yisra'el se harte teruggekeer het tot Torah-gehoorsaamheid en al die afgode uit hulle midde verwyder was, het hulle die Filistyne verslaan, want יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid was in hulle midde (1Sam. 7:5 -11). יהוה-God het weer in die midde van Sy volk gewoon en niemand kan standhou teen יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid nie?

Na hierdie gebeure, en weens Samuel se ouderdom, asook sy seuns wat nie in die weë van Torah gewandel het nie, is Saul as koning aangestel. Tydens Saul se heerskappy het hy nooit 'n poging aangewend om die verbondsark na Jerusalem terug te bring nie. Dit het koning Dawid gekos om dit te doen:

> **1** Dawid het beraadslaag met al die bevelvoerders oor duisend en oor 'n honderd, die leiers en goewerneurs oor Yisra'el.
> **2** Dawid het aan die hele vergadering van Yisra'el gesê: "As julle dit goed vind, laat ons dit van יהוה, ons God, vra om dit wat stukkend is vir ons broers wat in al die dorpe van Yisra'el bly reg te maak en priesters en Leviete by hulle te laat bly in al die stede en hulle dorpies
> **3** sodat hulle hulself bymekaar kan maak en na ons toe kom en tot יהוה, ons God, bid en Hom smeek as gevolg van ons sondes, want ons het nie tot Hom gebid in die dae van Sha'ul nie."
> **4** Die hele vergadering het gesê dat hulle dit sal doen. 1 Kron. 13:1 tot 4.

Met opregte bedoelings het Dawid en Yisra'el voorbereidings getref om die verbondsark by Kiryat-Ye'arim te gaan haal. 'n Nuwe wa is vir die doel gebruik en *Dawid en die hele Yisra'el het voor die Teenwoordigheid van God gespeel met al hulle mag, met sang, met harpe, instrumentale musiek, met simbale en tamboeryne.* (1 Kron. 13:8, 2 Sam. 6:5). By die dorsvloer van Kidon het die osse wat die wa getrek het, gestruikel en Uzah het sy hand uitgesteek om die verbondsark vas te hou (1 Kron. 13:9; 2 Sam. 6:6).

> **7** Die woede van יהוה het teen `Uzah ontvlam en God het hom daar neergeslaan vir sy oneerbiedigheid en hy is daar by die ark van God dood.

> **8** Dawid het ontsteld geword, as gevolg van יהוה se uitbarsting teen `Uzah en daardie plek is Peretz-`Uzah genoem, tot vandag toe.
> **9** Dawid was bang vir יהוה op daardie dag en hy het gesê: "Hoe kan die ark van יהוה na my toe kom?" 2 Sam. 6:7-9.

Hoekom het Dawid gevra: Hoe kan die ark van יהוה – Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid – na my toe kom? Dawid het met opregte bedoelings, en met die beste menslike vermoeëns probeer om die ark terug te bring, maar besef dit was nie goed genoeg nie!! Hy moes gaan uitvind wat was יהוה se voorskrifte aangaande die vervoer van die verbondsark en Hy moes dit op יהוה se wyse doen. Dawid het geleer dat goeie bedoelings nooit 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid is nie!!

Maar na die dood van Uzah het Dawid die ark na die huis van 'Oved-Edom, die Gittiet, geneem waar dit vir drie maande gestaan het (2Sam. 6:10-11).

Drie maande na Uzah se dood het Dawid besluit om die ark na Jerusalem te bring na die tent wat Dawid daarvoor ingerig het. Hierdie besluit van Dawid was gemotiveer deur die feit dat die huis van Obed-Edom oorvloedig geseën was vanweë die verbondsark wat daar gestaan het (2Sam. 6:12).

Maar Dawid het eers teruggaan na יהוה se onderrig en instruksies (die Torah) om uit te vind hoe die verbondsark vervoer moes word. In Deut. 10:8 en Deut. 31:9 en 25 is die opdrag duidelik dat die stam van Levi, die priesters, afgesonder is om die verbondsark te dra. Daarom het Dawid toe gesê:

> **2** Toe beveel Dawid die Leviete om die ark van יהוה en die toebehore van die Tabernakel te dra, want יהוה het die Leviete gekies om te bedien, die ark van יהוה te dra en dit te versorg vir altyd.
> **3** Dawid het die hele Yisra'el in Yerushalayim bymekaar laat kom om die ark van יהוה te bring na die plek wat hy daarvoor opgerig het. 1Kron. 15:2-3.

Dan lees ons dat Dawid die seuns van Aharon en die Leviete bymekaargemaak het (1Kron. 15:4) en vir Tzadok en Evyatar, die priesters en die Leviete Uri'el, `Asayah, Yo'el, Sh'ma'yah, Eli'el en `Amminadav laat roep en vir hulle gesê (1Kron. 15:11-13):

> **12** "Julle is die oudstes van die vaders van die Leviete; sonder julleself af, julle en jul broers sodat julle die ark van יהוה, God van Yisra'el, kan bring na die plek wat daarvoor gebou is
> **13** sodat יהוה, ons God, ons nie sal doodmaak omdat ons Hom nie gesoek het op die voorgeskrewe wyse nie."

In die Afrikaanse vertaling (1953) lees vers 13 soos volg: *Want omdat julle in die begin nie by was nie, het die HERE onse God teen ons uitgebreek, omdat ons Hom nie gesoek het soos dit behoort nie.*

Nadat die priesters en die Leviete hulle afgesonder het, het die Leviete die ark van יהוה op hulle skouers gedra met die pale daaraan vas soos Moshe beveel het, volgens die woord van יהוה (1Kron. 15:14-15).

Dawid het musiekinstrumente en sangers opgestel wat die ark op die terugtog vergesel het. (1Kron. 15:16). Hy het gegaan en die ark van God met vreugde uit die huis van `Oved-Edom in die stad van Dawid ingebring (2Sam. 6:12).

> **13** Dit was so: wanneer die draers van die ark van יהוה ses treë geloop het, het hy ’n bees en ’n vetgemaakte kalf geoffer.
> **14** Dawid het met alle mag voor die Teenwoordigheid van יהוה gedans en Dawid het ’n linne skouerkleed gedra.
> **15** So het Dawid en die hele huis van Yisra’el die ark van יהוה met gejuig en die klank van die ramshoring gebring. 2Sam. 6:13-15.

Dit het dus die dood van Uzah gekos om Dawid tot eerbiedige respek vir יהוה te ‘dwing’ (2Sam. 6:9) en vir hom om terug te keer na Torah-gehoorsaamheid. Dawid moes leer dat יהוה se Gemanifisteerde Teenwoordigheid alleenlik volgens יהוה se onderrig en instruksies teruggebring kan word. “There is only one way and that is יהוה’s way”. Ons moet יהוה dien en aanbid op die voorgeskrewe wyse, naamlik volgens Torah! Goeie bedoelings is nie ‘n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie!

Torah-gehoorsaamheid is die “katalisator” wat יהוה se Teenwoordigheid in ons midde laat manifisteer! Alleenlik dan sal daar oorvloedige seën ondervind word.

Laat ons ook nie vergeet wat in die verbondsark was nie – en nog steeds is, naamlik: Die twee kliptafes met die Tien Gebooie, die fles met Manna en Aharon se staf. Die verbondsark is dus ‘n sinnebeeld van יהוה se Torah en van Yeshua, die ware Manna uit die hemel, naamlik die Lewende Torah (Joh. 1:1 en 6:58) en van Yeshua as Koning en Hoofpriester. יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid sal slegs as oorvloedige seën manifisteer waar die inhoud van die verbondsark deel van ons geloofslewe is.

Goeie bedoelings is nie ‘n plaasvervanger vir gehoorsaamheid aan יהוה se Torah nie! Laat ons ook soos Dawid teruggaan en uit יהוה se Torah leer hoe ons Hom moet dien en aanbid, want enige ander wyse is om ons eie onpartydige opregtheid (geregtigheid) op te rig. Ons moet יהוה onpartydige opregtheid en sy Koninkryk in Yeshua soek, en dan sal יהוה deur Sy Gees in ons midde woon en sal daar in al ons behoeftes voorsien word (Matt. 6:33).

**Bepeins of Bespreek**

1. Hoekom het יהוה se toorn teen Uzah ontvlam? Was sy bedoelings dan nie ook opreg nie? Of het hy dalk onverskillig gestaan teenoor die verbondsark – ‘n sinnebeeld van Torah en van Yeshua? Dien hierdie as waarskuwing aan die wat glo in Yeshua, maar die Torah van יהוה verwerp?

2. Die geskiedenis van Dawid en die verbondsark herinner ons ook aan koning Sha’ul wat met goeie bedoelings offers gebring het met diere wat as oorlogsbuit onder die banvloek was (1 Sam. 15:1 tot 28). Ongehoorsaamheid het Sha’ul sy koningskap gekos. So ook herinner dit ons aan die aanbidding van die goue kalf wat ook met goeie bedoelings was (Exodus 32)! En dan ook die offer van Kain (Gen. 4:1-8)! Telkens leer ons dat ongehoorsaamheid het ernstige gevolge!

3. En tog is daar die gelowiges wat beweer dat as deelhebbers van die onverdiende guns van die nuwe verbond is God meer “verdraagsaam” teenoor ongehoorsaamheid (sonde). Is dit waar? Hoekom?

4. Sal die Teenwoordigheid van יהוה manifisteer by byeenkomste waar geglo word dat יהוה se wet (Torah) opgehef is? Wat is die bron van die bonatuurlike manifestasie wat wel dan plaasvind? Is dit demonies of blote emosionele opsweping?

5. Met verwysing na 2Sam. 6:16-20 is die vraag: Wat, of wie, het Mikhal verag? Vir Dawid of die verbondsark? Dikwels sal mense die dinge van יהוה verag, maar hulle minagting rig teen die mense wat die waarheid van die Woord verkondig en leef! Onthou: Die verbondsark is ‘n afbeelding van Yeshua en dus kan gevra word vir wie het Migal minagting getoon? Talle sal beweer dat hulle volgelinge van Yeshua (“Jesus”) is, maar minag gelowiges wat volgens Torah leef! Is dit gemik teen die persoon of teen die Gewer van Torah?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*